Rigters 16:4-21
Simson word deur Delila oorrompel.

Geliefdes,
Daar is ‘n gesegde in Afrikaans wat lui: Die een wat met vuur speel gaan homself die een of ander tyd, daarmee brand. Dieselfde gebeur ook wanneer ‘n mens met die sonde speel. Hiervan is die rigter Simson vir ons ‘n voorbeeld. Hy speel met die sonde en daarom ook met sy Godgegewe amp.

Simson se hele lewe het gedraai rondom ‘n stryd tussen sy godgegewe amp en sy sondige natuurlike begeertes. Simson wou sy amp en roeping so uitoefen dat hy sy roeping vervul en steeds sy sondige begeertes vervul. Hy wil teen die Filistyne veg, maar trou eers met ‘n Filistynse meisie omdat sy vir hom mooi is. Die huwelik het misluk, omdat God Hom nodig gehad het om te begin om die Israelite van die filistyne te verlos. In die voorgelese gedeelte sien ons hoe hy uiteindelik daarby uitgekom het om sy amp heeltemal op te offer terwille van sy sondige begeertes.

Simson raak verlief op ‘n Filistynse vrou met die naam Delila. Sy was egter ‘n vrou met ‘n lae karakter wat vir ‘n handvol geld enigiets sou doen. As sy die geheim van sy krag kon uitvind, sou sy dertien kilogram silwer van elke vors ontvang.

Delila vervul die rol van ‘n vroulike spioen wat met haar sensualiteit strategiese geheime moet uitvind. Sy moet selfs sover gaan gaan om hom seksueel te verlei. Haar opdrag is as volg: “Verlei hom en vind uit waarin lê sy groot krag en hoe ons hom kan oorrompel…”.
Dan begin Simson met Delila speel. Dan vertel hy haar dat as hy hierme en daarmee gebind word, sy krag sal verdwyn, maar dit is duidelik dat hy met haar speel, en Delila speel saam. Met haar skynbare liefde, probeer sy hom verlei en oorreed om haar die geheim te vertel. So speel Simson met sy amp. So speel hy met sy verhouding met God. Want as die geroepe verlosser van sy volk, moes hy in Satan se oë misluk!

‘n Mens sou graag met Simson wou praat en hom wakker skud en vra kan jy nie sien wat besig is om te gebeur nie! Jy speel met vuur! Los die vrou! Is God nie vir jou duisendmaal meer werd as hierdie vrou nie? Maar Simson kan die Delila nie meer los nie. Hy is deur sy sondige begeertes te vas aan haar gebind. Speel ‘n mens so met die sonde, raak jy later so verstrengel daarin dat jy later nie meer daarvan kan loskom nie. Simson was onder die indruk dat jy jou roeping kan uitoefen sonder dat sy sondige begeertes sy roeping sal beïnvloed. Wie probeer om by God te bly en tog deel van die wêreld word kom eendag by ‘n punt waar die keuse vir jou gestel word – God of die sonde! Of vervulling van jou roeping of toegee aan jou eie sondige begeertes! Hierdie dag het nou vir Simson aangebreek – Hy moet kies! En hy kies die pad van sy sondige begeertes.

Nou moet ons dit mooi verstaan – Simson was nie ‘n goddelose man wat in onverskilligheid sy roeping weggegooi het nie. Dit was sy vaste voorneme om nnoit sy geheim bekend te maak nie. Dit was natuurlik dwaas om te dink dat hy dit sou regkry. Want in elke situasie word die suigkrag van die sonde so groot dat dit die weerstand wat nog oor is laat verkrummel. Dit is soos met ‘n damwal wat eers ‘n klein krakie kry. Die waterdruk op die damwal word al sterker, totdat die damwal later breek! Hy speel met sy roeping, die sonde en met God.

Delila werp al die wapens wat sy as vrou het in die stryd. Hy kan dit nie meer uithou nie, maar kan ook nie met Delila breek nie. Hy wat liggaamlik so sterk is, kan nie meer weerstad bied teen die suigkrag van die sonde nie.
‘n Spel met die sonde, broer s en susters, loop ALTYD uit op oorgawe aan die sonde. Ons lees: “Toe vertel hy haar sy lewensgeheim…”.

Ons moet besef, dat dit nie hier bloot gaan om sy lang hare nie, maar om die verhouding met God waarvan sy lang hare die teken is. Simson verloën sy verhouding met God! Die sterk held wat die filistyne verslaan het, het geval. En dit omdat hy sy krag oorskat het en dié krag van die begeerlikheid van sy sondige natuur onderskat het.

Hierdie mislukking van Simson verkondig aan ons dat hy nie die ware verlosser van Israel kan wees nie. Sy mislukking roep dus na die ander een wat nie in sy verlossing sou misluk nie. Dit is Jesus Christus. Hy het ons Israel verlos, die nuwe Israel sy kinders. Maar alhoewel Hy ons verlos het, loop Satan steeds rond soos 'n brullende leeu. Hy kyk steeds wie hy kan verslind. Daarom is wat met Simson gebeur het vir ons 'n ernstige waarskuwing en wys ons op die stryd wat ons as gelowiges elke dag moet stry. Hy val aan met versoeking op versoeking – veral op die plekke en tye wat ons die swakste is. Satan nooi ons uit om met ons roeping te speel, om met ons verhouding met God te speel. Hy weet ook, wie met vuur speel brand homself binnekort! Pasop, want wie so spelende met die sonde begin, eindig dikwels soos Simson in bitter verdriet. God red uit genade, maar wie aanhou in die sonde word op Sy besluit losgelaat en beland in die greep van Satan.

Simson sê: My krag lê in my nasariërskap. Vat dit van my weg en ek is swak en weerloos. Dit is wat God ons vandag wil inprent: Ons krag lê in die Here. In ons kindskap, in ons verbondenheid aan die Here en ons dankbare gehoorsaamheid.

Uit die puin van die saal waar Simson sterf, roep sy stem na die Ewige Verlosser Jesus Christus. Hy is verbrysel, gedood, sodat ons in Sy krag kan staande bly. Christus het sy amp nie verspeel nie. Hy het sy amp nie opgeoffer tewille van enige sondige begeertes nie, inteendeel – Hy het sy lewe gegee vir sy amp. So versoen Christus die verbreekte verhouding van Simson en ons.

Hy het in genade oor jou en my kom staan en ons geroep om uit dankbaarheid vir sy genade ware toegewyde kinders te wees. Wat kies jy vandag? Die pad van die sondige begeertes, of die pad van kind van God wees?
AMEN
DS Human Coetsee